
RAPPORT, Loopbane 24
29 Jul 2012, p.3

GROOT BESPARING

# Kleinsakekorporasie bied belastingvoordele



## HULP MET KLEINSAKE

NICO VAN GIJSEN

Ons kyk vandag na die kleinsakekorporasie as 'n regsentiteit om jou saak in te bedryf, die belastingvoordele daarvan en vereistes waaraan die saak moet voldoen om te kwalifiseer daarvoor. 'n Kleinsakekorporasie moenie verwar word met 'n beslote korporasie (BK) nie, waaroor ek in die vorige rubriek geskryf het. 'n Kleinsakekorporasie kan óf 'n BK óf 'n maatskappy wees.

Die andersheid van BK's of maatskappye wat as 'n kleinsakekorporasie kwalifiseer, lê in die belastingvoordele. Al die gewone voor- en nadele, verpligtinge, risiko's en gevolge van 'n BK of maatskappy is steeds van toepassing.

Die regering het die belastingvoordele vir kleinsakekorporasies daargestel om kleinsakeondernemings te stimuleer.

Die nuutste belastingskale wat geld vir 'n kleinsakekorporasie vir die 2013-belastingjaar lyk só: Die eerste R63 556 van die onderneming se inkomste is belastingvry, terwyl daar net 7% belasting betaal word op inkomste daarbo tot en met R350 000, waarna die normale belastingkoers van 28%, wat geld vir BK's en maatskappye, gehef word.

Dis 'n groot besparing. Kom ons sê jou saak is in 'n BK en die wins vir die 2013-belastingjaar is R900 000.

Die BK se inkomstebelasting daarop sou normaalweg R252 000 beloop het. Indien die saak as 'n kleinsakekorporasie met dieselfde wins kwalifiseer, sal die belasting net R174 051 beloop: 'n besparing van R77 949.

Wat is die vereistes om te kwalifiseer? Al die aandeelhouers van die maatskappy, of lede van die BK, moet in die jaar van aanslag natuurlike persone wees met geen ander aandele of ledebelange in enige ander maatskappye of BK's nie; anders as dié wat onaktief is of bates van minder as R5 000 het, of daar moes reeds stappe gedoen gewees het om die saak te likwideer of te deregistreer.

Die bruto inkomste van die saak mag nie R14 miljoen oorskry nie. En nie meer as 20% van die totale inkomste van die saak mag uit beleggingsinkomste en persoonlike dienste (daar's 'n lang lys vir die definisie) gesamentlik afkomstig wees nie.

Die "persoonlike dienste" in hierdie verband moenie verwar word met die term persoonlike diensverskaffers, soos gedefinieer in die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) nie. 'n Verskaffer van persoonlike dienste kan nooit as kleinsakekorporasie kwalifiseer nie. Hulle word belas teen 28% (was 33%) as dit 'n maatskappy of BK is en teen 40% as die saak in 'n trust is.

'n Persoonlike-diensverskaffer word deur die wet beskou as iemand wat basies in diens van 'n werkgewer is, al werk jy op 'n kontrakgrondslag en al is jou saak in 'n regsentiteit. Net 'n waarskuwing: Die belastingtoegewing vir kleinsakekorporasies geld die saak, nie vir jou nie. Jou saak is in 'n regsentiteit en die saak betaal belasting op sy eie inkomste, op geld wat in die saak gehou word. Dit is nog nie geld in jou eie sak nie.

As jy geld daaruit wil kry, moet jy 'n salaris trek en inkomstebelasting daarop betaal teen die skaal wat vir natuurlike persone geld.

Indien nie, moet die saak 'n dividend verklaar, waarop 'n verdere 15% belasting dan betaalbaar is.

Dit is ná die volle 28% belasting eers betaal is, wat die totale belasting vóór die geld in jou sak is op 38,8% te staan bring. Kry dus eers al die feite vóórdat jy om belastingredes jou saak in 'n BK of maatskappy doen.

▸ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Skryf aan Hulp met Kleinsake, Posbus 8422, Johannesburg 2000; e-pos: nico@finlac.com.*